VEEDIEFSTAL

DIERE VAN R750 MILJOEN JAARLIKS GESTEEL

VEEDIEFSTAL benadeel kommersiële én opkomende boere erg en dit het 'n lonende bedryf vir misdadigers geword – altesame 30 000 sake per jaar word aangeteken en die waarde van die vee wat gesteel word, beloop gemiddeld R750 miljoen per jaar.

Vanaf 1 April verlede jaar tot 31 Maart vanjaar is 56 954 beeste van amper R600 miljoen gesteel. Daarvan is 22 070 beeste teruggevind, wat beteken dat beeste van meer as R360 miljoen verlore gegaan het. In die geval van skape is 79 713 skape van R135 miljoen in dieselfde tyd gesteel. Altesaam 16 663 skape is teruggevind en die verlies was dus R107 miljoen. Wat bokke betref, is byna 35 000 van R68 miljoen gesteel. Altesame 10 600 bokke is teruggevind, dus was die verlies R47 miljoen.

Tien probleemgebiede is geidentifiseer, naamlik Maluti, Mthatha, Sulenkama en Qumbu in die Oos-Kaap; Ladysmith, Bergville, Bulwer en Utrecht in KwaZulu-Natal; Amersfoort in Mpumalanga en Harrismith in die Vrystaat.

Mnr. Jaco Maré, voorsitter van die nasionale Veediefstalvoorkomingsforum, meen dié misdaad en die impak daarvan op die volhoubaarheid van veeboerdery is baie ernstig in die meeste provinsies.

"Die veebedryf het egter ook skuld aan die hoë voorkoms van veediefstal. Die grootste deel van die veehandel gee nie gehoor aan die bepalings van die Wet op die Identifikasie van Diere (Wet 6 van 2002) en die Wet op Veediefstal (Wet 57 van 1959), wat beweging beheer nie. Belanghebbendes in die veebedryf wat nie die betrokke wetgewing nakom en vee merk nie, dra by tot die voorkoms van dié soort diefstal."

Voerkrale, boere, spekulante, afslaers, abattoirs en kopers op veilings kan wetend of onwetend ontvangers van gesteelde vee wees. Hulle oortree dan die wet en kan swaar beboet of vervolg word, sê Maré.

Volgens hom is 'n wettige, permanente merk die eerste verdedigingslinie teen veediefstal. In Suid-Afrika maak wetgewing voorsiening vir 'n doeltreffende diere-identifikasiestelsel.

Wetgewing wat die bemarking van vee reguleer, beskerm die eienaar en alle belanghebbendes in die rooivleiswaardeketting aan wie die vee gelewer word. Daarvoor is die Wet op Veediefstal en die Wet op die Identifikasie van Diere gepromulgeer. Albei is steeds van krag. Die wette hanteer twee spesifieke aspekte van die bemarking van vee, naamlik die koop en verkoop, asook die vervoer van vee. Enigeen wat met vee handel dryf, het die plig om op hoogte te wees van alle wetgewing daaroor.

Die Wet op die Identifikasie van Diere maak die merk van vee verpligtend. Dit help die bedryf en die SA Polisiediens (SAPD) om veediefstal te bestry en om gesteelde vee makliker terug te vind.

"Talle hofsake oor veediefstal moet egter geskrap word weens geskille oor die identifikasie van gesteelde vee en omdat eienaarskap nie bewys kan word nie. As 'n dier met 'n geregistreerde merk of tatoeëermerk gemerk is, kan sulke geskille vermy word."

Warmysterbrandmerke vir beeste en tatoeëermerke vir kleinvee bly die mees kostedoeltreffende maniere om hierdie groepe diere te merk.



Dit is uiters belangrik dat brandmerke op vee duidelik is sodat dit hul uitkenning vergemaklik as hulle gevind word.
FOTO: THEUNS BOTHA

Maré sê wanneer vee-eienaars slagoffers van veediefstal word, kan hulle 'n rol in die voorkoming van verdere diefstalle speel deur die plaaslike SAPD en die veediefstaleenheid met die ondersoek te ondersteun.

"Die regte hantering van die misdaadtoneel is ook belangrik. Dit is 'n waardevolle bron van bewyse en vee-eienaars moet weet hoe om die misdaadtoneel en bewyse te hanteer."

Sover dit die aanmelding van veediefstalsake betref, moet die tyd wat verloop tussen die ontdekking en aanmelding van veediefstal so kort as moontlik wees. Dit sal die bevredigende oplossing van 'n veediefstalsaak vergemaklik.

BESTRY VEEDIEFSTAL SÓ

Veediefstal kan op verskillende maniere bestry word. Vee-eienaars kan self sorg dat die diefstalrisiko op hul eiendom verminder word. Die veediefstalvoorkomingsforums en inligtingsentrums verdien ook die ondersteuning van elke vee-eienaar, sê mnr. Jaco Maré.

Dit is noodsaaklik dat vee-eienaars en rooivleisprodusente meer daadwerklik betrokke raak by ondersoeke en bekamping van veediefstal. Een van die doeltreffendste maniere waarop produsente meer inspraak kan verseker in ondersoeke en suksesvolle vervolgings, is die stigting van veediefstalinligtingsentrums (VIS) in hul distrikte.

Maré herinner veeboere aan die volgende:

- Merk alle vee ooreenkomstig die wet met 'n tatoeëer- of brandmerk.
- Hou 'n volledige rekord van alle identifikasiedokumente en verwyderingsertifikate.
- Meld alle veediefstalsake onmiddellik by die SA Polisiediens aan.
- Slagoffers en getuies wat in die hof verskyn, moet weet wat hul regte is.
- Tel alle vee gereeld en hou 'n gekontroleerde veeregister.
- Raak daadwerklik betrokke by ondersoeke in die bekamping van veediefstal.

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY **012 348 1933**.
E-POS: **rpo@lantic.net**. WEBWERF: **www.rpo.co.za**.